**Uitgawe 7** **Oktober 2015**



# Die Leipoldt

NUUSBLAD



Tannie Mietjie Louw

## So onthou ons...

Soos onthou deur Tannie Mietjie Louw, 88 jaar oud.

Tannie Mietjie Louw is in 1926 gebore en het in die Sandveld grootgeword. Sy het van sub A tot standerd sewe in Betjiesville skoolgegaan. Sy vertel dat sy elke dag




Betjiesville soos dit vandag lyk

twee myl na die twee-klaskamer skool toe geloop het. Coenie Theart was die skoolhoof en juffrou Baard van Vredendal was haar onderwyseres tot in standerd twee. Coenie Theart is later deur meneer Van Rensburg opgevolg.

Tannie Mietjie onthou dat sy op haar eerste dag in Betjiesville langs Maans Schreuder (van tannie Joepie) moes sit. Maans het haar glo kort-kort geknyp en toe sy dit nie meer kon uithou nie, het sy uitgeroep: "Juffrou hierdie kind knyp my en hy knyp seer!" Juffrou Baard het haar toe dadelik geskuif aangesien Maans geweier het om te beweeg. Later jare het die twee darem goeie vriende geword.

As hulle by die skool stout was, moes hulle ongeveer twee ure na skool agterbly. Meneer, wie se huis naby die skool was, sou die klas se deur sluit en huistoe gaan. Sodra hy weg is, het hulle deur die venster geklim en *nessie* gespeel. Hulle het gaatjies in die grond gemaak, die grond gelyk gemaak en moes dan 'n bal in die gaatjies (nessies) inrol. Daar moes altyd een van hulle dophou wanneer Meneer weer oppad terug is, en het dan weer vining deur die venster terug geklim.

Namiddae moes hulle op die plaas help. Hulle het mielies ge-oes, aartappels en patat geplant en uitgehaal, lusern met 'n sekel gesny en vir die perde gekerwe. Wanneer hulle aartappels geplant het, het haar ma en pa die vore gemaak en die kinders het die aartappelmoere in die rye geplant en liggies met grond toegemaak. Oestyd het hulle die aartappels met die hand uitgegrawe. Die aartappels is daar op die land geklas en in streepsakke gegooi. Daardie jare was daar nog nie store nie. Die sakke is dan in die waenhuis afgelaai.

Vandaar is die aartappels met die perdekar na omliggende dorpe geneem om verkoop te word. Soms het hulle die aartappels tot by Sandbergstasie geneem waar dit per trein na die Kaapse Mark vervoer is. Die mark sou hulle tjek na Leipoldtville se poskantoor stuur, vanwaar hulle dit dan na hul naaste bank op Lambertsbaai geneem het.

Tannie Mietjie onthou hoe hulle moes help om die bokke bymekaar te maak. Haar pa het gewoonlik op die perd gery en hulle moes die bokke aanjaag. Soms, as haar pa self deur die veld wou stap, het hy vir haar gevra om die perd huis toe te ry. Tannie Mietjie het van standerd sewe af in Clanwilliam skoolgegaan. Meneer J.J. Muller was destyds die skoolhoof daar. Tannie Mietjie het in Huis Saamwerk, waar Ant Lilly die koshuismoeder was, tuisgegaan.

Na haar skoolloopbaan het sy in Kaapstad gaan verpleeg. Daardie tyd was daar nog net sandpaaie van Bellville, Soutrivier toe. Met net so hier en daar 'n huis. Al vervoer wat daar was, was die trein, anders moes hulle maar stap waar hulle wou wees.

Sy is in 1946 met Andries (Hottie) Louw getroud. Hy het sy bynaam gekry omdat hy linkshandig was. Ds. Coetzee het hulle op 'n Maandag te Leipoldtville in die huwelik bevestig, omdat bruilofte slegs op Maandae gehou is.



Oom Andries en Tannie Mietjie Louw 1946

### IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Oktobermaand | 2 |
| Uit die Pen van Ds. Hennie | 3 |
| Aangename Kennis | 4 |
| Raai raai riepa | 5,6 |
| Color Clan Pretdraf | 7 |
| Resep : Maklike Fudge | 8 |
| Gesinsdag Swartheuwel | 9 |
| Custom Canvas Canopies | 10 |
| Jongspan | 11 |
| Hemelse Liefde | 11 |
| Lief en Leed | 12 |
| Ten Slotte | 13 |

# Oktobermaand C. LOUIS LEIPOLDT

Viooltjies in die voorhuis, Viooltjies blou en rooi!
Viooltjies orals op die veld, En orals, ai, so mooi!

Dit is die maand Oktober! Die mooiste, mooiste maand!
Dan is die dag so helder, so groen is elke aand,
so blou en sonder wolke die hemel heerlik bo,
so blomtuin vol van kleure die asvaal ou Karoo,
so blomtuin vol van kleure die asvaal ou Karoo.


Dit is die maand Oktober! Die varkblom is in bloei;
oor al die seekoeigate is kafferskuil gegroei;
die koppies, kort gelede nog as 'n klip so kaal,
het nou vir welkomsgroetnis hul mooiste voor gehaal;
het nou vir welkomsgroetnis hul mooiste voor gehaal.

Dit is die maand Oktober! Die akkerboom is groen;
die bloekoms langs die paaie is almal nuut geboen;
en orals in die tuin rond ruik jy sering en roos,
jasmyn en katjiepiering, lemoen en appelkoos,
jasmyn en katjiepiering, lemoen en appelkoos.

Dit is die maand Oktober! Ek dink die mense vier
vir ewig in die hemel Oktobermaand soos hier!
Wat wens jy meer as blomme, as helder dag en nag?
Wat kan jy beter, mooier of heerliker verwag?
Wat kan jy beter, mooier of heerliker verwag?

Wat gee ek om die winter? Wat praat jy nou van Mei?
Wat skeel dit as ons later weer donker dae kry?
Ek is nou in Oktober, die mooiste, mooiste maand,
met elke dag so helder, so pragtig elke aand!
Met elke dag so helder, so pragtig elke aand!

Viooltjies in die voorhuis, Viooltjies blou en rooi!
Viooltjies orals op die veld, En orals, ai, so mooi!



C. Louis Leipoldt was 'n bekende vroeë Afrikaanse digter, geneesheer, plantkundige en joernalis. Hy is op 28 Desember 1880 in Worcester gebore, die vierde kind van sy gesin. Sy pa was die predikant Christiaan Friedrich Leipoldt van die NG Kerk in Clanwilliam, wat betrokke was by die stigting van Leipoldtville-gemeente. Leipoldt se skoolopleiding het tuis plaasgevind. Hy het as 'n joernalis vir die plaaslike *De kolonist* en *Het dagblad* gewerk. Hy het ook vir verskeie oorsese koerante oor die Tweede Vryheidsoorlog verslag gedoen.

Die bekende plantkundige Harry Bolus, het aan Leipoldt die geld geleen om te gaan studeer en is hy van 1902 tot 1907 in Engeland om hom in die geneeskunde te bekwaam. Hy het deur die wêreld gereis, vir 'n tyd as skeepsdokter vir Joseph Pulitzer, as 'n skooldokter in Londen en as mediese inspekteur van skole in die ou Transvaal en later die Kaapprovinsie, gewerk. Hy vestig hom uiteindelik as 'n kinderarts in Kaapstad in 1925.

Leipoldt het benewens sy gedigte ook romans, toneelstukke, kinderverhale, kookboeke en 'n reisjoernaal geskryf. C. Louis Leipoldt sterf in 1947 in die ouderdom van 66 jaar en 3 maande. Hy was gek na die Hantamwyk - 'n pragtige, bergagtige gebied noord van Kaapstad, en na sy afsterwe in dié stad is hy begrawe in die Hantam, op die Pakhuispas in die Sederberg, tussen Clanwilliam en Wupperthal.







# Uit die pen van Ds. Hennie de Kock ...

## Wys mekaar die pad.

In die laaste hoofstuk van die brief aan die Galasiërs gee Paulus baie praktiese raad. Die eerste een is nie altyd so maklik om uit te voer nie:
*1.My broers en susters, as ander gelowiges aan die een of ander sonde toegee, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, hulle dadelik reghelp. Bring hulle terug op die regte pad sonder om hulle te veroordeel. Tree vol deernis op. Maar pas op sodat julle self nie voor die sonde swig nie.*

Dit is nie vir almal maklik om ander op hulle sonde te wys nie. Ek is nie 'n persoon wat na 'n ander kan stap, hom voor die bors gryp en vra wat sy storie met die Here is nie. Gaan jy draai of braai? En daarom wil ek dadelik verskoning maak en sê dat hierdie opdrag van Paulus nie my gawe is nie. Dit moet maar oorstaan vir 'n volgende ou.



Tog is die opdrag van Paulus nie net vir spesifieke mense met sekere gawes bedoel nie. Nee, ons elkeen het die verantwoordelikheid om ons vriende te wys waar hulle oor die tou trap. God wil juis vriende gebruik om mekaar op die pad te hou. Die meeste van die kere het ons as vriende die outoriteit en die magtiging om mekaar reg te help.

Daar is egter 'n paar voorwaardes. Ons kan nie maar net op ons eie besluit om die ou wat volgens ons in die sonde bad, voor die strot te gryp en hom goed laat verstaan waar hy of sy die pad kwyt is nie. Nee, dis die Heilige Gees wat ons moet oortuig om met iemand te praat. Hoor mooi! Dis nie ek of jy wat regter is en besluit wie reg of verkeerd is nie. Dis die Heilige Gees in ons wat ons moet lei. Daarom is dit so belangrik dat ons sensitief moet wees vir die leiding van die Heilige Gees. Die Heilige Gees weet presies waar iemand verkeerd doen en waar iemand reggehelp moet word.

As ons sensitief is vir die Heilige Gees en bewus word van sy leiding, sal ons weet wanneer ons iemand moet teregwys. Dan kan ons met outoriteit na iemand gaan, want die Heilige Gees het so gesê. Dan hoef ons nie vir die persoon wat in sonde leef te sê: "Ek dink jy leef verkeerd nie," maar dan kan ons met gesag sê: "Die Gees het my gelei om jou te wys op dit wat jy verkeerd doen."

Wanneer ons uit ons eie teregwys, gaan ons dit heel waarskynlik vanuit veroordeling doen. Dit kan veroorsaak dat die persoon in verdedigingsmodus gaan en alles ontken. Wanneer jy egter deur die Gees gelei word, sal jy nie veroordeel nie. Op 'n manier sal jy besef dat jy ook op die verkeerde pad kon afdraai, maar net deur genade gespaar is. Dan kan 'n mens nie vinger wys nie. Dan kom 'n mens uit dankbaarheid en wil van die genade wat jy ontvang het, aangee aan die persoon wat 'n paar verkeerde afdraaie geneem het.

En tree met deernis op, sê Paulus. Moenie met 'n polisiemanhouding daar aankom nie. Sien die persoon raak soos Jesus hom of haar raaksien. Onthou jy daardie keer toe Jesus by die put gesit het by die vrou wat by 'n klomp mans geslaap het? Hy het haar nie veroordeel nie. Hy het haar eintlik nie eers laat sleg voel nie. Hy het haar met deernis gehelp om haar verkeerde dade raak te sien en dit te gaan regstel.

So wil God ons ook gebruik. Daar is baie van ons vriende, familie en selfs kollegas wat so effe van die pad is. God wil jou gebruik om 'n inspraak in hulle lewe te hê. Mag jy beskikbaar wees. Mag jy sensitief wees vir die leiding van die Gees en vol deernis en liefde ander help om terug te kom op God se pad.

**Teks:**
Galasiërs 6: 1-2

**Om oor na te dink:**
Hoor jy die Heilige Gees?
Wie lê die Here op jou hart om mee te praat?
Hoe moet jy dit gaan doen?

**Gebed**
Here, dankie vir vriende. Dankie vir die voorreg wat ek het om ook in hulle lewe inspraak te hê. Maak my sensitief om ook ander te help en die pad te wys en as ek weer 'n reghelp nodig het, laat ek dit vat soos 'n man. Amen

# Aangename Kennis

## Daan & Ashleigh Kemp

Daan en Ashleigh Kemp is nuwe lidmate in ons gemeente.
Hulle is oorspronklik van Pretoria. Daan het in 2012 ‘n verplasing Kaapstad toe aanvaar, waar hulle byna ‘n jaar gewoon het, voordat hulle die geleentheid aangegryp het om Lambertsbaai toe te verhuis, waar Daan die bestuurderspos van Spar aangebied is.

Daan en Ashleigh het nog altyd daarvan gedroom om in ‘n klein dorpie te woon en het ‘n baie sagte plek vir die Weskus. Hulle het aanvanklik by Charl en Mari van der Westhuizen gewoon, voordat Daan en Ashleigh hulle in Lambertsbaai gevestig het.

Daan en Ashleigh se eersteling, Charles, is op 7 Maart 2015 gebore. Hy is op 16 Augustus deur ds. Hennie de Kock gedoop. Dit was vir hulle ‘n baie spesiale dag, veral aangesien familie wat ver woon, ook Charles se doop kon bywoon.

Daan en Ashleigh ondervind dat die mense in die omgewing baie vriendelik en behulpsaam is en is baie bly om deel van die Leipoldtville-gemeente te wees.











# Raai raai riepa...




So het die jare ook aangestap en die meeste van ons het baie verander, maar daar is sommiges wat nog byna dieselfde lyk. Kyk saam met my na hierdie foto's van jare gelede en kyk of jy kan raai wie dit is...








1. Hentie Louw
2. Ds Gideon Basson
3. Elsabe Carstens
4. Jolanda Visser
5. Rina Theron
6. Ds Hennie de Kock
7. Lida Slabber
8. Henno Visser
9. Angelique de Kock
10. Raffealla Basson

















# Raai raai riepa...

1. Madelein Visser
2. Hennie Visser
3. Ds Marius Gertzen
4. De Jongh van Zyl
5. Tannie Mietjie Louw
6. Cecile van  Zyl
7. Zelda Louw
8. Karin Laubscher
9. Cecile van Zyl
10. Johan en Wilma Jacobs





























# Colour Clan Pretdraf



Angelique Peters, Ria Mouton, Tammy van Zyl, Lezandri Louw en Marna van Zyl het as span deelgeneem aan die Colour Clan Pret-draf. Foto's van die CPL-span voor en na die pretdraf






**"Pret en law-wigheid", so beskyf die CPL-span die Colour Clan pretdraf wat op 10 Augustus 2015 plaasgevind het.**
**Die dag is deur Badisa gereël en dit is die eerste keer wat dit in Clanwilliam plaasgevind het.**
**Die CPL-span het die pretdraf as 'n span aangedurf en het saam oor die eindstreep gedraf.**
**Die pretdraf wat deur Clanwilliam geloop het, het by die Clanwilliam skougronde begin en geëindig.**

**Die CPL-span was moeg en baie vuil na die wedoop, maar is baie trots op die medaljes wat hulle as bewys van deelname, ontvang het.**







The Colour Run, also known as the Happiest 5k on the Planet, is a unique paint race that celebrates healthiness, happiness and individuality all over the world.

Badisa is a non-profit social welfare organisation with 153 branches

Badisa

# Mikrogolf Fugde

Hierdie is 'n baie lekker en maklike resep wat Anja Visser ingestuur het.

Bestanddele:

1 blik kondensmelk

2 koppies chocolate chips

Metode:

Voer 'n kleinerige pannetjie uit met foelie of glad wrap en spuit Spray & Cook.

Gooi die kondensmelk en choc chips in 'n bak en mikrogolf op hoog vir 1 minuut.

Roer tot effens styf.

Gooi die mengsel in pan en smeer gelyk.

Plaas in vrieskas vir 'n uur of twee.

Sny in blokkies en bedien.














Anja Visser se Assistent Carli Visser

# Gesinsdag op Swartheuwel

















Op 6 September 2015 het die gemeente 'n heerlike gesinsdag gehou op die plaas van Manie en Hanja Schreuder, Swartheuwel teen die Verlorenvlei. Ds. Hennie de Kock het 'n kort boodskap gelewer en daarna het die lidmate heerlik saamgekuier. Die manne het gebraai en die kerkraadsvrouens het gesorg vir heerlike bykosse.

Namens die gemeente wil ons vir Manie en Hanja hartlik bedank vir die beskikbaarstelling van hul pragtige onthaallokaal. Dit was voorwaar 'n treffer.



Foto's geneem: Lara & Nina Visser







# Ruim skenking by Kuierfees deur Custom Canvas Canopies Wes-Kaap.




Leipoldtville gemeente wil vir Jaap en Rix Botha baie dankie sê vir die skenking by ons Kuierfees. Dit was voorwaar 'n waardevolle item wat ons kon opveil.

Op die foto staan Jaap Botha en Piet Bester by die canvas canopy wat vir hom gemaak is. Dankie ook Piet Bester vir jou ondersteuning.


## Custom Canvas Canopies Wes-Kaap








Boere, kampeerders, 4 x 4 entoesiaste of enige iemand met 'n bakkie, boot of sleepwa . Kontak ons vir 'n aluminium raam met of sonder 'n seil. Aluminium is lig, sterk, roesvry en bekostigbaar.

Ons doen ook sonskerms van seil (awnings) en ander aluminium-sweiswerk.

Kom maak gerus 'n draai by ons in Kerklaan 17, Velddrif

Jaap & Rix Botha

082 803 3739

079 707 3266

# Jongspan

**1 Petrus 5:7 Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee om vir julle.**

Die Here sal jou altyd help en sal altyd by jou wees en Hy sal altyd vir jou lief wees .

***Anke van Zyl Graad 6***

# *Hemelse Liefde ...*

Soms is liefde die oorweldigende soet van jasmyn, ander kere die geselligheid van varsgeperkoleerde koffie of dalk die vredige geur van die see. So is party mense onmiskenbaar liefde. Hul hele wese sê: "Jy is welkom in my hart. Skop maar uit jou skoene en wees sommer net jouself. Vertoef gerus 'n wyle by my sodat my gee-sommer-net– liefde op jou kan afvryf. Ek wil graag vir jou 'n bietjie lig as jou pad donker is, 'n lappie koelte bied wanneer die lewenson jou skroei of 'n bondeltjie hoop gee waarmee jy jou eie kaggelvuur kan maak." En omdat jy veilig en geborge by hierdie mense voel, wil jy in hul teenwoordigheid wees, wil jy by hulle verwyl en het jy altyd weer 'n behoefte om na hulle terug te keer.



Ons Vader wil hê dat ons hemels gegeurde mense sal wees. Iets wat ons net kan regkry as Hy deel van ons hele wese is, as ons Hom toelaat om ons daagliks te vernuwe en sy Gees die kern van ons menswees vul. Want net God kan van gewone, feilbare en hartelose mense opregte liefdesmense maak. Net Hy kan 'n deel van sy onvoorwaardelike genade in ons hart plant sodat ons die wonder van Goddelike liefde grensloos kan versprei.



Kom ons bid elke dag vir die suiwering van ons hart sodat daar ruim plek sal wees vir die liefdesvrug van die Gees. En sodat ons lewe sal sê: "Welkom in my lewe. Welkom by die liefde."



*Siel van 'n vrou - Milanie Vosloo*

# Lief en Leed

16 Augustus 2015

Daan en Ashleigh Kemp se seuntjie, Charles, is deur Ds. Hennie de Kock gedoop.

Chantell Koelelenberg is gedoop.

Ashleigh Kemp, Chantell Koegelenberg en Colin van der Westhuizen is deur Ds. Hennie de Kock voorgestel.

20 September 2015

Wimpie en Cecile Louw se seuntjie, Wilru, is deur Ds. Frik Kleinhans gedoop.

27 September 2015

Jaco en Elmarie Louw se seuntjie, Sias, is deur Ds. Frik Kleinhans gedoop.

3 Oktober 2015

Tannie Annemie Engelbrecht se begrafnisdiens het plaasgevind by die NG Kerk Lambertsbaai.

# NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

ngkleipoldtville@mylan.co.za

Leraar:

Ds. Hennie de Kock

Tel/Faks: 027 4122823

Sel: 083 263 0099

Gemeentebestuurder

Elsabe Carstens

Tel: 027 422 1802

Sel: 083 225 6536

Koster:

Carol Loubser

Tel: 027 422 1347

Sel: 073 419 2820

Kassier:

Corlia Carstens

Tel: 027 4221030 (h)

Sel: 083 632 4284

Skriba:

Lida Slabber

Tel: 027 412 2331 (h)

Sel: 083 866 7760

# Ten Slotte

C. Louis Leipoldt dig: *Dit is die maand Oktober! Die mooiste, mooiste maand! Ek dink die mense vier vir ewig in die hemel Oktobermaand soos hier! Wat wens jy meer as blomme, as helder dag en nag? Wat kan jy beter, mooier of heerliker verwag?*

Ons omgewing was na aan die hart van hierdie digter. Sy pa was ook betrokke by die stigting van ons Leipoldtville-gemeente, daarom het dit soveel meer betekenis om C. Louis Leipoldt se *Oktobermaand* in hierdie uitgawe te kon plaas.

Ons het ook so 'n bietjie gaan terugkyk na jare gelede se foto's, en dit kon weer onthou-jy-nog glimlagte en mooi herinneringe terugbring. Mens kan nie anders as om te besef hoe gou die tyd verby vlieg nie, want dit voel soos gister toe ons nog op skool was, maar in werklikheid is dit meer as 20, 40 of selfs 60 jaar, wat verloop het tot nou.

Die laaste kwartaal van die jaar is hier en nou gaan dit bedrywig met aflsuitings, prysuitdelings en alles in die boerdery wat moet klaar voor jaareinde. Sterkte aan almal vir die laaste skof van 2015.

Stuur asseblief enige voorstelle of nuus na: dieleipoldt@gmail.com

*Karien O'Connell*